market iq

**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** Is die meesterplan goed vir die landbou?
**AVE:** 46659.25

**Page:** 36
**Publish Date:** 21 July 2022
**Author:** Unspecified



# Is die meesterplan goed vir die landbou?

**SLEUTELKWESSIE.** Een van die belangrikste kwessies onderliggend aan die meesterplan is 'n groter kapasiteit om probleme met dieregesondheid en produkregistrasies uit te stryk. Dit is tans 'n hindernis in die ontsluiting van nuwe markte. FOTO: *LBW*-ARGIEF

'n Groot debat woed tans oor die meesterplan. Gaan dit nog 'n (duur) wit olifant word, of is dit die olifant in die vertrek? Een van die hoofonderhandelaars erken dit is 'n kompromis en bevat wel tekortkominge, maar dit is 'n belangrike rigtingwyser gegrond op deeglike navorsing.

Ná die bekendstelling van die meesterplan vir die landbou en landbouverwerking in Mei het die dokument polariserende kommentaar uit verskeie oorde ontlok. As organisasie was Agbiz in diepte betrokke by die onderhandelings. Die proses was dikwels antagonisties en frustrerend. Om uiteenlopende belange met mekaar te versoen, is nooit 'n eenvoudige proses nie.

As 'n mens die kommentaar lees wat onlangs gepubliseer is, herinner dit my aan die towerspieël uit die strokiesverhaal wat slegs vir jou sal wys wat jy wil sien. As jy met 'n kritiese oog na die meesterplan kyk, dan is daar baie om te kritiseer. As jy egter na geleenthede soek, is daar óók baie om oor opgewonde te word.

Die volgende vier grondbeginsels moet uitgelig word.

## WAARDEKETTING SE BENADERING GEVOLG

Die oorhoofse doel van die meesterplan is om struikelblokke te identifiseer wat landbouwaardekettings in die tuinbou, akkerbou en landbouverwerking verhinder om inklusiewe, ekonomiese groei te bereik.

Dit takel kwessies soos die gebrekkige beheer oor dieresiektes, die bevordering van biotegnologie, genoegsame kapasiteit om nuwe produkte betyds goed te keur vir gebruik, gemengde finansiering, en vennootskappe om landbouvoorligtingsdienste aan almal beskikbaar te stel.

Dié sake is nie slegs vir landboubesighede relevant nie, maar is ook uiters belangrik om die vraag vir primêre produksie te skep.

Die metafoor van 'n "waardeketting" is baie toepaslik in dié opsig. Jy kan slegs 'n ketting trek, jy kan dit nie stoot nie. In dieselfde sin moet die kernkwessies in die waardeketting – toegang tot nuwe markte en 'n werkende logistieke raamwerk – aangepak word om die vraag vir produkte te skep wat primêre produksie saamtrek.

Dit was nooit die doel van die meesterplan om die daaglikse probleme wat produsente op plaasvlak ervaar, te hanteer nie. Dié rol word deur die georganiseerde landbou vervul.

## DEEGLIKE NAVORSING

Met die aanvang van die meesterplanproses was dit uiters belangrik vir die sakesektor dat dit op deeglike navorsing gegrond word en nie slegs reageer op belanghebbendes se indrukke oor wat die probleme is nie. Om dié rede het die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling 'n onafhanklike fasiliteerder gekontrakteer. Die nasionale landboubemarkingsraad (NLBR) en die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) is ook genader.

Die onafhanklike navorsingspan het in diepte gekyk na elke landbouvertakking om die potensiaal vir uitbreiding, asook die struikelblokke te bepaal. Dit was 'n deeglike stuk werk wat steeds die kern van


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.

**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** Is die meesterplan goed vir die landbou?
**AVE:** 46659.25
**Page:** 36
**Publish Date:** 21 July 2022
**Author:** Unspecified

die meesterplan vorm.

Die volgende fase was effens meer omstrede. Op grond van die konsepdokument is belanghebbendes gevra om ooreenstemming te probeer bereik oor ingrypings wat nodig is om die probleme aan te pak. Hulle moes ook teikens stel indien die inisiatiewe ingestel word.

Dit is 'n quid pro quo-benadering: Indien die staat X in werking stel, hoeveel bykomende hektaar kan ons in produksie kry en hoeveel werkgeleenthede gaan geskep word? Dit is 'n uiters moeilike vraag om te beantwoord.

Ons wil almal oplossings vir werkloosheid vind. As omstandighede van só 'n aard is dat dit beleggingsvertroue bevorder, sal beleggings plaasvind en werkgeleenthede volg. Werkskepping is 'n gevolg van ekonomiese groei, maar 'n mens kan nie die kar voor die perde span nie. Dus was dit onmoontlik om só 'n onderneming te gee aangesien elke besigheid self moet besluit wat vir hom die beste gaan wees.

Om dié rede het die bedryf se verteenwoordigers hakke ingekap en slegs ingestem om na teikens te kyk waarna ons kan streef. Daar is nie ondernemings namens die breër bedryf gemaak nie.

## WAARHEEN MET TRANSFORMASIE?

Die plan is nie onderhewig aan transformasie of arbeidskwessies nie, maar dit bly belangrik. Die kwessie van teikens teenoor ondernemings was veral problematies binne die konteks van grondhervorming en werkskepping. Wat grondhervorming betref, is groot klem gelê op grondskenkings. Dit was na ons mening die verkeerde punt om op klem te lê en het eenvoudig die aandag afgelei van die belangriker kwessie, naamlik hoe om nuwe, swart besighede te skep.

Die departement het onlangs 'n beleid opgestel om grondskenkings vir grondhervorming te vereenvoudig en van belasting vry te stel. Dit is 'n gunstige stap vir die uitsonderlike geleentheid waar iemand werklik 'n stuk grond wil skenk. Die verwagting moet egter nie geskep word dat skenkings 'n wesenlike hoeveelheid grond beskikbaar gaan stel nie.

Grondhervorming is oorhoofs 'n staatsfunksie waarvoor begroot word. Die klem moet eintlik wees op hoe ons gesamentlik, deur gemengde finansiering, die begroting optimaal kan benut. In die onderhandelings het ons volstaan dat besighede geen ondernemings kan maak rakende grondskenkings nie, maar dat ons wel baie meer kan bereik deur die staat se begroting aan te wend om private kapitaal deur gemengde finansiering te ontlok.

Die groep wat arbeidskwessies moes ondersoek, onder die leiding van mnr. Christo van der Rheede, uitvoerende direkteur van Agri SA, het soortgelyke kwessies ondervind. Vereistes vir 'n landboubedingsraad en voorwaardes vir finansiering is ter tafel gelê, maar die voorstelle het gesneuwel weens die bedryf se besware.

Weens die verskeie belange wat versoen moes word, het die grond- asook die arbeidstaakgroep op 'n "zero-sum game" afgestuur. Dis 'n jammerte, want albei sake is uiters belangrik om 'n volhoubare sektor te verseker.

Werklike ingrypings is nodig om werkskepping en transformasie op 'n baie groter skaal te bevorder. Die belanghebbendes werk steeds hard om toepaslike oplossings te vind.

Dit staan soos 'n paal bo water: As ons nie werkskepping en transformasie takel nie, sal dit die volhoubaarheid van die hele sektor in die gedrang bring. Die private sektor doen reeds baie, maar sal heelwat meer kan doen in vennootskap met die staat.

**"As ons nie werkskepping en transformasie takel nie, sal dit die volhoubaarheid van die hele sektor in die gedrang bring.**

Ons sal ander platforms moet oorweeg om dit te bewerkstellig.

## RIGTINGWYSER

Die meesterplan is nie sonder tekortkominge nie, maar dit wys die beste pad vorentoe. Dit behoort ook nie aan die navorsers, die staat, vakbonde of die bedryf nie. Dit is 'n maatskaplike verdrag wat almal se belange en verwagtings probeer balanseer.

Daar sal altyd kompromieë in só 'n proses wees en indien een party 100% tevrede was, sou almal anders dit verwerp het.

Wat ons wel het, is konsensus oor kernkwessies soos die belangrikheid van logistieke netwerke, nuwe markte en die noodsaak vir voldoende kapasiteit in sleutelfunksies, soos dieregesondheid en produkregistrasies.

Wat dalk belangriker is, is die erkenning dat vennootskappe nodig is om die kwessies te hanteer. Dit is nie iets wat voor die meesterplan gereed was nie.

Ondanks die tekortkominge is dit die beste riglyn wat ons tans het om die bedryf vorentoe te neem. Geen plan gaan homself in werking stel nie, en dit is nou die verantwoordelikheid van alle belanghebbendes om die voorstelle te bewerkstellig. **LBW**



Mnr. Theo Boshoff is uitvoerende hoof van die landbousakekamer Agbiz.






The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.